Becoming LOVE | IF WE START AT FINISH WHERE DO WE END?

# GROEPLEWE BESPREKING

## WEEK 2: DIE VADER SE LIEFDE

**Kom ons verken die Vader se liefde vir ons en hoe ons Sy liefde hier op aarde kan wees.**

- Sondag het ons gepraat oor hoe die Vader die volheid van Sy liefde in Sy Seun, Jesus, openbaar het. By Sy doop het die Vader 'n baie betekenisvolle verklaring oor Jesus gemaak: "Jy is my geliefde Seun, in wie Ek welbehae vind." Voor Jesus enigiets bereik het, het Hy die volheid van God se liefde ontvang, asook Sy identiteit as Seun.

- Die Vader se liefde het elke deel van Sy wese deurdring en oorgeneem. Soveel so dat Jesus nie net God se liefde verkondig het nie maar dat Hy die Vader se liefde geword het.

### GESPREK

1. Kan jy deel oor 'n tyd toe jy die Vader se liefde in jou lewe ervaar het, net omdat Hy gekies het om jou lief te hê, nie omdat jy dit verdien het nie?

2. Kan jy spesifieke oomblikke onthou waar die wete dat jy God se geliefde seun of dogter is 'n invloed gehad het op hoe jy 'n probleem hanteer het?

### TOEPASSING

- Die goeie nuus is dat alles wat van Jesus waar is, ook van ons waar is!



- Die Vader het ons lief met dieselfde liefde wat Hy vir Jesus het. Hy het ons geroep om ook liefde vir die wêreld te wees. Wanneer ons dit ten volle verstaan, sal ons onsself nie meer as "gewone mense" sien nie, maar as geliefde seuns en dogters van die Vader. Dit sal ons benadering tot die wêreld verander: "Ons het lief omdat Hy ons eerste liefgehad het."

## GESPREK

1. Watter praktiese stappe kan jy neem om te verhoed dat jy jouself as "net 'n gewone mens" beskou en begin leef in die volheid van God se liefde vir jou?

2. Is daar areas of verhoudings in jou lewe waar God jou nooi om nie net Sy liefde te weerspieël nie, maar dit ook te beliggaam?

3. Jesus het gereeld teruggetrek om in die Vader se liefde vernuwe te word. Hoe kan jy begin om 'n soortgelyke ritme in jou eie lewe te kweek?

## BEGELEIDE GEBED

In hierdie laaste deel van ons tyd saam wil ek graag hê dat ons alles wat ons geleer en bespreek het, in gebed na God bring.

